# Die sout van die aarde

Aangepas uit die oorspronklike artikel wat ek op 7 April 2002 tydens die hoogtepunt van plaasbesettings as bemoediging vir die boere geskryf het.

Ons lees dat Jesus ons die opdrag gee om die *sout van die aarde* te wees *(Matthéüs 5:13)*. Wat beteken dit werklik vir elkeen van ons hier in Zimbabwe / Suid-Afrika – met 'n wankelende ekonomie, voortdurende dreigemente en 'n stortvloed ander negatiewe dinge wat gedurig na ons kant geslinger word? Ek neem aan dit is hier waar die *tekkie regtig die teerpad tref* – waar ons uitvind *wat ons waarlik glo!* Wat is dit diep binne 'n mens wat jou positief hou terwyl alles om jou inmekaar stort? Om dit te beantwoord, kom ons kyk na die verhaal van jong Dawid nog lank voordat hy koning geword het.

In *1Samuel Hoofstuk 17* lees 'n mens van sy ontmoeting met Goliat. Sommige mag dalk dink dat hierdie ontmoeting Dawid se eerste stap tot leierskap en beroemdheid was. Dit was egter net een tree op sy pad, en verseker nie sy eerste nie. Jy sien, dit het alles met Dawid begin gebeur toe hy stoksielalleen buite in die veld met sy skape was – iets wat *in sy hart gebeur het* – iets wat net God raakgesien het.

Toe die profeet Samuel in gehoorsaamheid aan God se stem gegaan het om 'n nuwe koning te salf, het God vir Samuel gesê dat Hy 'n mens se hart sien, en as gevolg van *die ingesteldheid van Dawid se hart* , het God hom gekies om koning te wees.

## Wat het in Dawid se hart gebeur?

Ek glo dat terwyl Dawid alleen in die veld nag ná nag sy pa se skape opgepas het, hy na die sterre gelê en kyk het, en dat hy sekerlik in verwondering was oor die grootheid van die Groot Skepper wat die sterre in hul wentelbane gewerp het. Hy kon dalk besef hoe nietig en onbelangrik hy was in vergelyking met al daardie grootheid. In hierdie gesindheid van verwondering het hy dalk onthou wat hy as jong kind geleer is – dat YHWH hom persoonlik liefgehad het, en dat Hy vir Dawid, as deel van die groot volk van Israel, geroep het om sy eie volk te wees deur wie Hy die nasies van die wêreld sou seën.

Wat dit ookal was wat deur Dawid se denke en hart gegaan het, weet ons nie. Ons weet egter dat hy ‘n persoonlike ontmoeting met YHWH gehad het, en in daardie stil, persoonlike ontmoeting het hy iets van sy persoonlike potensiaal as kind van YHWH begryp. Hy het ook sy eie nietigheid in vergelyking daarmee erken. Hy het ‘n goeie kombinasie van hierdie twee waarhede nodig gehad om die Goliatte wat hy in sy lewe sou teëkom, uit te daag. Hy sou sekerlik die almag van YHWH moes verstaan en tog terselfdetyd nederig moes bly – deur te besef dat *hy NIKS in sy eie krag kon vermag nie*.

Om tot daardie besef te kom, was een ding, maar daardie waarheid moes getoets word – net soos al ons geestelike openbarings getoets moet word as dit enige waarde gaan hê. En hoe word dit getoets? Met leeus en bere.

Toe Saul vir Dawid ingelig het oor die onmoontlikheid van die uitdaging wat hom in die gesig gestaar het – om teen die reus, Goliat, te veg – was sy antwoord:

*1Sam 17:34 "U dienaar het vir sy vader die kleinvee opgepas, en as daar 'n leeu of 'n beer kom en 'n stuk kleinvee uit die trop wegdra,*

*17:35 "dan gaan ek uit agter hom aan en verslaan hom en ruk dit uit sy bek uit; en as hy my aanval, gryp ek hom aan sy baard en verslaan hom en maak hom dood.*

*17:36 "U dienaar het die leeu sowel as die beer doodgeslaan, en met hierdie onbesnede Filistyn sal dit gaan net soos met een van hulle, omdat hy die slagordes van die lewende God uitgedaag het. "*

Wat leer ons uit hierdie antwoord?

- Ons leer eerstens dat Dawid se beproewinge in privaatheid gebeur het. Hy is getoets toe niemand hom dopgehou het nie. Sy oorwinnings het net hy (en YHWH) gesien, en hy is oor en oor getoets todat hy die selfvertroue gehad het om die toets elke keer te slaag.

- Die tweede ding wat ons uit sy private toets leer, is dat dit alles met *verantwoordelikheid en getrouheid* te doen gehad het. Sy pa het die kuddes skape en bokke aan hom toevertrou om te beskerm. *Hy* was dus verantwoordelik daarvoor. Dit kon natuurlik vir hom maklik gewees het om met verskonings na sy pa terug te keer – *"'n leeu het van u kudde opgevreet"*. Die meeste mense sou dit as 'n billike verskoning vir 'n verlies beskou – maar nie Dawid nie! *"My vader het hierdie kudde in my sorg toevertrou, en al kos dit my my lewe, sal ek nie toelaat dat 'n leeu hierdie kudde uit my hande steel nie."* Ek wens ek het werknemers gehad wat SO getrou was aan my.

- Terwyl hy sy getrouheid as ‘n skaapwagter bewys het, was daar niemand wat hom dopgehou en gesê het, *“Knap gedaan! Dankie dat jy jou lewe in gevaar gestel het om die skape te beskerm.”* Niemand – behalwe YHWH wat alles raaksien – en wat daardie dinge wat in getrouheid in die geheim gedoen word, in die openbaar beloon.

*ONS SAL NOOIT OPENBARE OORWINNINGS KEN TOTDAT ONS PRIVATE OORWINNINGS ERVAAR HET NIE!*

Toe Dawid dus skielik – onverwags – met ‘n nuwe uitdaging gekonfronteer is, kon hy uit *vorige oorwinningservarings* put. Wat het vir Dawid in ‘n geveg met Goliat getrek? Dit was Goliat se bespotting van YHWH se volk. Dit het teen iets gegaan wat diep in Dawid se siel ingewortel was – YHWH se roeping op die volk van Israel, waarvan Dawid deel was. Dit het nie gelyk of hy enigsins besorgd was daaroor dat die hele weermag van hierdie reus af weggevlug het nie. Hy het dit skynbaar nie eers agtergekom nie. Al waaroor hy besorgd was, was:

*1Sam17:26 “… Want wie is hierdie onbesnede Filistyn, dat hy die slagordes van die lewende God durf uitdaag?”*

Hier sien ek ‘n sleutel tot ons roeping om die sout van die aarde te wees. Dawid het ‘n goeie begrip van YHWH se roeping en doeleindes vir die volk as geheel gehad, en dus vir hom as individuele eenheid van daardie groot nasie. Niks kon hom van daardie begrip laat afsien nie – en selfs al moes hy alleen stap, sou hy ‘n verskil maak – hy sou teen hierdie reus veg.

Om sout te wees, gaan daaroor dat mens ‘n verskil maak - uitstaan – tel vir iets. Jesus het die volgende stelling gemaak:

*Markus 9:49 "... want elkeen sal met vuur gesout word en elke offerande sal met sout gesout word.*

*9:50 "Die sout is goed, maar as die sout souteloos word, waarmee sal julle dit smaaklik maak? Julle moet sout in julle hê en vrede hou met mekaar."*

Hieruit sien ek dat dit moontlik is om die soutigheid – die geur - te verloor, om louwarm te raak. Hoe kan dit wees? Dit gebeur wanneer 'n mens daardie noodsaaklike bereidwilligheid om dinge op die prys te stel, verloor – wanneer mens die gemakliker uitweg kies eerder as om doelbewus 'n pad van geloof in God te kies.

Dawid kon die maklike uitweg gekies het en geweier het om die leeu en die beer uit te daag. Maar dan sou hy nooit vir Goliat ontmoet het nie – en hy sou nooit die grootste koning word wat ooit geleef het nie. Hy sou 'n eenvoudige Israelitiese skaapwagter gebly het en in onbeduidendheid vervaag het. Ons sou nooit van hom geweet het nie.

Sal jy die risiko neem vir die groter doel – vir ons geliefde nasie? Sal jy in geloof wandel? Sal jy vir die waarheid opstaan – jou nek uitsteek? Onthou, jy kan nie verwag om jou teen 'n korrupte regering uit te spreek, of standpunt teen geweld in te neem, of wat dit ookal mag wees, as jou *eie* lewe nie in 'n goeie toestand is nie. Ons moet bereid wees om God toe te laat om ons eie lewe met 'n vergrootglas te ondersoek en ons eie persoonlike oorwinnings behaal. Ons moet bereid wees om die balk uit ons eie oog te haal, lank voordat ons die splinter (of woud) uit iemand anders se oog durf haal.

Ons moet versigtig wees om nie so afgeskrik te word deur die *persoonlike ondersoek* dat ons opgee nog voordat ons begin het, en dan nooit iets groot behaal nie. Daar is niemand van ons wat nooit foute maak nie. Selfs Dawid het 'n paar groot

foute begaan. En tog het hy homself altyd verootmoedig wanneer hierdie foute aan hom uitgewys is, en hierdie nederigheid het van hom nog 'n groter mens gemaak. As ons bereid is om te hoor wanneer ons verkeerd is, en wanneer ons dan hoor, regtig moeite doen om deur God se genade persoonlik te verander, sal ons in staat wees om ander te lei om te verander.

Op dié manier moet ons dus die sout van die aarde wees. In elke sfeer behoort ons dan 'n seën te wees:

- om dinge rondom ons te verbeter
- om te praat en te help
- om op te hef en te bemoedig
- om daar te wees vir mense in hul tyd van nood
- om te leer en te gee
- om, indien nodig, opofferings te maak ter wille van die gemeenskaplike belang
- om die geheelbeeld te sien en om met hoop in ons harte en met alles binne ons, uit te reik na daardie groter, beter geheelbeeld
- om te weier om die negatiewe onmoontlike te aanvaar
- om alle mense as geliefd deur God en deel van sy ewige doeleindes te beskou
- om hoop te hê, en met daardie hoop in ons harte deur geloof die leeus en bere en Goliatte te trotseer wat oor ons pad kom

Dit is die begrip van daardie groter geheelbeeld wat vir ons die selfvertroue en hoop gee. Ek dink my *geheelbeeld* het gekom deur die *studie van die eindtye,* sowel as my blootstelling aan die *geloofsleer* ongeveer twintig jaar gelede. Om 'n goeie begrip van God se ewige doeleindes en ons deel daarin te hê, help ons werklik om sin te maak van die chaos wat ons om ons sien gebeur.

Ek was genoodsaak om my leeus en bere aan te vat toe ek 'n pastoor van 'n klein gemeente in Fort Victoria, Zimbabwe was – met 'n bitter klein, of soms geen salaris. Ek en my vrou het 'n paar opwindende ontmoetings met die onmoontlike gehad, en ons het eerstehands uitgevind dat *God ons bron is*. Ek sal nooit vergeet hoe ons twee weke voor die einde van die maand melk vir ons babatjie nodig gehad het – vir een of ander rede kon Mandy nie borsvoed nie. Ek het $2 in my sak gehad – dit was al wat ek gehad het. Daar was 'n klop aan die agterdeur, en toe ek oopmaak, was daar 'n blinde bedelaar wat om hulp gevra het. Ek het dit herken as 'n toets van my geloof, en vir hom my laaste $2 gegee.

Ek het vir Mandy gesê wat ek gedoen het, en saam het ons sitkamer toe gestap, gekniel en gebid. Dit was die leeu wat ons moes trotseer. Ons was gehoorsaam aan God (wat gesê het dat ons aan dié moet gee wie vra) en nou het ons 'n wonderwerk nodig gehad. Daardie middag het Mandy die voordeur oopgemaak en 'n koevert vol geld onder die deur gesien – daar was meer geld in as wat ons gewoond was om vir 'n hele maand te ontvang. God, wat ons daad in die geheim gesien het, het Homself weereens getrou bewys.

Selfs voor ons Fort Victoria ervaringe, toe ons nog Bybelskool studente in Johannesburg was, het ons 'n paar klein, maar doelgerigte besluite geneem wat die Here se seën oor ons gebring het. Die lewensbesluite wat ons geneem het, mag dalk klein en onbenullig vir jou voorkom, maar as studente moes

ons huisbesoeke as deel van ons opleiding doen. Hiervoor kon ons 'n eis vir brandstof indien. Ek en Mandy het besluit dat ons eerder 'n seën vir die bediening wou wees en nie die geld terug sou eis nie. Ons wou sout wees.

Ons was die enigste studente wat nooit die geld teruggeëis het nie. Ons het min finansies tot ons beskikking gehad, maar het besluit om 'n seën te wees in ons situasie. Op 'n latere stadium het ons gereeld geld aan 'n ander student begin gee sonder dat hy geweet het van wie dit kom. Wanneer ons dit gedoen het, het ons opgemerk dat daar in ons eie behoeftes op wonderbaarlike wyses voorsien is – en teen die einde van ons tyd daar, het ons deur ons med-studente bekend gestaan as *"die ryk studente"*. Dit was nie dat ons inkomste toegeneem het nie – dit was net dat God altyd dinge op die wonderlikste maniere laat uitwerk het.

Ons toetse het groter en groter begin raak, en God was elke keer getrou om ons deur te sien. Ons het soveel wonderbaarlike wonderwerke van God se voorsiening vir ons beleef dat ons amper 'n boek daaroor kan skryf. Tog, met elkeen van daardie wonderwerke was daar 'n beproewing van geloof – 'n leeu of 'n beer wat verslaan moes word – 'n risiko wat geneem moes word. Jou geloof sal nie sonder beproewinge groei nie, en as gevolg van jou persoonlike oorwinnings deur God se genade, word jou soutigheid verbeter.

Nou is my behoeftes veel groter aangesien ek 'n groot fabriek deur die ontstuimige waters van die land se wankelende ekonomie bestuur. Die behoeftes strek in die miljoene, en tog is God net so getrou soos Hy was toe ek geld nodig gehad het vir melk vir ons nuwe babatjie. Ek is nog net so senuweeagtig – tog stilweg versekerd – met 'n behoefte vir \$6miljoen se bestellings om my maatskappy aan die gang te hou as wat ek destyds was vir \$100.

God is ‘n getroue God. As ons sout vir dié om ons wil wees, moet ons persoonlik leer hoe om in geloof te wandel. Dit voeg gehalte by tot ons sout. Ons moet daardie doelgerigte klein treetjies van geloof neem as ons ooit die groot oorwinnings van geloof wil behaal.

Om waarlik sout te smaak, glo ek dat ons daagliks in die wonderbaarlike moet wandel. Daar sal baie wees wat, soos Saul, ons sal vertel hoe onmoontlik die situasie is.

*1Sam 17:33 “Jy kan nie na hierdie Filistyn gaan om teen hom te veg nie, want jy is ‘n seun, en hy is ‘n krygsman van sy jeug af. “*

As jy aanhou om na diegene te luister wat vir jou vertel hoe onmoontlik dinge is, en hoe dit nooit in Afrika sal werk nie, kan jy net sowel nou opgee. Daar kom ‘n tyd wanneer jy byna uitdagend van sulke praatjies moet wegdraai en God moet vertrou om wonderwerke te doen. As jy in jou omgewing sout gaan wees – en werklik ‘n verskil gaan maak – SAL jy in die wonderbaarlike MOET leef, eerstens in jou persoonlike lewe en dan ook vir ander se ontwil op ‘n daaglikse basis.

Mag YHWH jou help om jou leeus en bere te verslaan en jou vir die Goliatte voorberei wat verseker sal kom. Mag Hy jou ook help om nie vir hulle bang te wees nie, maar om hulle met eenvoudige, kinderlike geloof in jou Hemelse Vader te trotseer en daardie verskil te maak. Mag jy *sout van die aarde* vir almal wees wat jy op jou lewensreis ontmoet.